Identiteitspolitiek: Sukses, paradoks en onvoorsiene gevolge

Bernard Lategan

Bernard Lategan, Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing
en die Departement Inligtingkunde, Universiteit Stellenbosch

> Om daarop aanspraak te maak dat jy behoort en om jou kleim af te steek, is om verdeeldheid aan te vuur. Om die reis egter met ander te onderneem, om die een of ander vorm van samewerking te probeer bewerkstellig – so kan jy opnuut begin vra hoe jy moontlik sou kon behoort. – David Kramer[1]

Opsomming

Die artikel ondersoek die onderliggende redes vir die sukses van identiteitspolitiek (IP) wat in die jongste tyd wêreldwyd met welslae toegepas word – nie slegs in "linkse" kringe nie, maar ook in "regses". IP word egter ook gekenmerk deur teenstrydighede en onvoorsiene gevolge wat veral sosiale verbrokkeling tot gevolg het. 'n Belangrike rede hiervoor is die keuse vir 'n strategie van uitsluiting en vernouing, wat toenemende isolasie en die ontwikkeling van 'n weerstandsidentiteit in die hand werk.

Aan die hand van vier uiteenlopende voorbeelde (die Proud Boys, Economic Freedom Fighters, sekere tendense in die feministiese beweging en Solidariteit) word die werkwyse van hierdie benadering ontleed. 'n Belangrike faktor wat dikwels buite rekening gelaat word, is die invloed van magsverhoudinge, asook die effek van deurleefde ervaring. Nogtans kan IP nie aan die groter konteks waarbinne hierdie strategie toegepas word, ontsnap nie. Hoeseer hierdie groepe na binne gerig bly en op eie krag wil staatmaak, is hulle steeds – ironies genoeg – vir die erkenning van hul identiteit en vir die realisering van hulle aansprake op ander aangewese. Die interafhanklikheid van die menslike samelewing is die groter konteks en die werklikheid wat ook vir IP geld.

Gevolglik word 'n alternatiewe benadering voorgestel. Eerder as om die krag van identiteit te onderdruk of te ontken, moet dit as 'n positiewe faktor benut word. Dit is alleen moontlik as

'n radikaal veranderde identiteitsbegrip ontwikkel word wat die rigting van oriëntasie van 'n na-binne-gerigtheid na 'n na-buite-gerigtheid omkeer en wat insluiting eerder as uitsluiting as vertrekpunt neem. Die "onvolledigheid" van die menslike bestaan beklemtoon nie alleen die afhanklikheid van ander nie, maar vereis sowel die interne as die eksterne verruiming van identiteit. Daarby moet die *funksie* van identiteit self verbreed word om nie slegs weerstand te bied en te verdedig nie, maar om die skeppende en verruimende moontlikhede van identiteit in 'n wyer konteks te ontgin tot voordeel van die samelewing in sy geheel.

Trefwoorde: deurleefde ervaring; eksogene en endogene identiteit; identiteit; identiteitspolitiek; identiteitsvorming; mag en magsverhoudinge; onbedoelde gevolge; sosiale verbrokkeling; verruimde identiteit

Abstract

Identity politics: Success, paradox and unintended consequences

Identity politics is one of the most prominent phenomena of recent times. As a strategy it has been applied with considerable success across the political spectrum and in many sectors of society. However, the theory and practice of this approach is not without contradictions, paradoxes and unintended consequences. The purpose of this article is to analyse some of these incongruities and repercussions and to propose an alternative approach.

The term *identity politics* (*IP*) refers to a wide variety of theoretical approaches and political strategies flowing from experiences of exclusion and injustice by minority groups in society. The aim of these groups is not to be accepted by and assimilated into society as a whole, but to challenge the status quo by mobilising on the very grounds which make the group different. Their specific identity is used "as a tool to frame political claims, promote political ideologies, or stimulate and orient social and political action, usually in a larger context of inequality or injustice and with the aim of asserting group distinctiveness and belonging and gaining power and recognition" (Neofotistos 2013:1).

Although initially developed by left-wing groups like the human rights movement, IP is currently being used by a wide variety of collectives across the political spectrum, including far-right organisations. Its almost universal spread is made possible by the fact that the common denominator is not the specific interest of the group (be it race, gender, sexual orientation, class or philosophy), but rather the experience of injustice, exclusion and loss of power. The kind of identity formation is therefore one of "resistance identity", where notions of exclusion, isolation and of "going it alone" are prevalent.

These tendencies are strengthened by the fact that human consciousness itself depends on separation and distinction, that is, on becoming aware that I am somebody in my own right, different and separate from others. The irony – and part of a series of paradoxes and contradictions – is that the consciousness of being separate depends on the presence of others from whom one distinguishes oneself. Furthermore, the respect and recognition demanded by the group can only be provided by the "other". And for the effective implementation of their policies the IP group is dependent on "external" forces like constitutionally guaranteed rights

or the legal system. The coveted "separateness" of the group is therefore always relative and embedded in a wider social reality which the group cannot escape.

The Achilles heel of IP remains its propensity for fragmentation coupled with its negative effect on social cohesion. The consequences of this tendency can be illustrated with reference to four, widely differing, examples: the far-right Proud Boys of the USA and Canada with its wide scope of "anti" attitude and its propagation of physical violence as illustrated by the assault on the Capitol in Washington; the Economic Freedom Fighters in South Africa at the other end of the political spectrum, operating within a constitutional system which they plan to overthrow and replace with a "dictatorship of the people in place of the dictatorship of the bourgeoisie"; the shift from an inclusive to an exclusive approach within the feminist movement during the 1980s; and the systematic development of an "alternative state within the state" by the Solidarity movement, moving away from the political sphere and concentrating on civil society.

Are these unintended consequences of IP avoidable? Does this approach inevitably lead to increased levels of contraction and isolation, polarisation and confrontation, ongoing fragmentation and loss of social cohesion, with reactions ranging from looking for alternative forms of state formation to violent occupation and even terror?

In looking for answers, two important factors are often ignored, namely the role of power and the issue of lived experience. McNay warns against retreating to an abstract, theoretical level where "universal" rules of engagement (à la Habermas) are propounded. The impact of power and power relations in the form of hierarchies, domination and powerlessness must be taken into account. Identity does not relate only to abstract status or formal rights, but also to lived experience. "Relations of power shape and distort embodied experience in ways that often elude the individual and therefore restrict the ability to narrate a coherent account of self" (McNay 2008:116). This raises the thorny question of who can speak for whom, which can lead to further levels of exclusion, even within the own group.

Is an alternative approach possible?

The first step in this direction would be to acknowledge and celebrate the power, necessity and potential of identity. Lived and historically rooted identities are "at the source of the creation of meaning, are stronger than ever everywhere, as a counterpart to the global flows of capital and communication that attempt to overwhelm the specificity of every human community" (Castells and Lategan 2021:1). Attempts to suppress identity for the sake of society as a whole or for the "common good" are doomed to fail.

What is required is not the downplaying of identity, but a radically *transformed* concept identity – radical in the sense that inclusion, not exclusion is taken as the point of departure but also serves as the goal.

But if identity depends on difference, distinction and separation, are we not facing an insoluble contradiction?

Although identity may depend on difference and consciousness of self, the formation of self-identity is possible only within a larger context and in interaction with others. The self is *ontologically* dependent on the other. What we are encountering here is the fundamental *incompleteness* of the human condition. Nyamnjoh has made incompleteness a central theme

of his work – "not as a negative attribute of being, but as something to embrace and celebrate, as we, in all humility seek to act and interact with one another, with the things we create to extend ourselves, and with the natural and supernatural worlds relevant to our sense of being and becoming. To recognise and provide for incompleteness is not to plead guilty, inadequate and helplessness vis-à-vis the supposedly complete others. Instead, incompleteness is a disposition that enables us to act in particular ways to achieve our ends in a world or universe of myriad interconnections of sentient incomplete beings and actors, human and non-human, natural and supernatural, amenable and not amenable to perception through our senses" (Nyamnjoh 2021:1).

Incompleteness implies mobility and change at the same time. Instead of stagnation and isolation, the self is in need of expansion and extension – firstly *internally* by widening the horizon of the own existence, welcoming what is new and strange and searching for alternative possibilities; secondly *externally* through broadening by reaching out, forging alliances, crossing borders, expanding existence in interaction with others – all on the basis of a dynamic sense of own identity.

Identity thus offers a space in which alternatives for the self and for the world can be imagined, designed and tested. However, in order to achieve this, a third form of expansion is needed, namely of the *role* of identity itself. Instead of fulfilling a restrictive and passive function, identity has an active, creative, constructive and rejuvenating contribution to make. Identity is not only fluid and changing, but also an experimental space where other possibilities for the self and for the world can be investigated and tested.

To realise these alternatives the power, assent and persuasion of others are needed.

An expanded self-consciousness and an understanding of the interdependent nature of the power game do not mean the end of opposition, struggle and competition, but place these in a wider context which enhances the chances for constructive results. A dynamic, creative sense of identity as well as a strong sense of human interdependence are required.

The power of identity always runs the risk of contraction and being reduced to resistance. The challenge is to harness this power to play a larger role in a wider context to the benefit of society as a whole.

Keywords: extended identity; identity; identity formation; identity politics; inclusion and exclusion; lived experience; power and power relations; social cohesion; unintended consequences

1. Inleiding

David Kramer lê sy vinger op die pols van 'n probleem wat tans wêreldwyd 'n groot uitdaging geword het: Hoe om jou kleim af te steek, maar hoe om dit in samewerking met ander reg te kry.

Identiteitspolitiek het die afgelope vyftig jaar ongekende sukses behaal. Daar is min strategieë wat op soveel terreine van die samelewing met soveel welslae toegepas word. Tog is die teorie en praktyk van hierdie benadering nie sonder paradoks en ironie nie – wat op hul beurt weer

aanleiding gee tot onvoorsiene gevolge en onopgeloste teenstrydighede. Die doel van hierdie artikel is om sommige van hierdie gevolge en teenstrydighede te ontleed en om ’n alternatiewe benadering voor te stel.

Die term *identiteitspolitiek* (voortaan IP) dui gewoonlik op ’n wye verskeidenheid van teoretiese begrondinge en politieke strategieë wat voortspruit uit minderheidsgroepe se ervarings van onreg en uitsluiting in die samelewing. Deur die aard en oorsaak van hierdie uitsluiting te analiseer word strategieë ontwikkel om die status quo uit te daag en te verander. In plaas daarvan om die negatiewe status wat die samelewing aan die betrokke groep toeskryf, eenvoudig te aanvaar, word dit herdefinieer, aangegryp en as mobiliseringsbasis benut. Identiteit word gebruik “as a tool to frame political claims, promote political ideologies, or stimulate and orient social and political action, usually in a larger context of inequality or injustice and with the aim of asserting group distinctiveness and belonging and gaining power and recognition” (Neofotistos 2013:1).

Omdat die voorstanders van hierdie benadering vertroue in bestaande stelsels en instrumente (soos politieke partye, handveste of geloofsgemeenskappe) verloor het, word IP gewoonlik buite hierdie strukture bedryf. Soos Kruks verduidelik, is die verskil met gangbare politieke prosesse daarin geleë dat IP juis hul aansprake op dáárdie aspek baseer wat die groep tot dusver uitgesluit het – dit is ás vroue, swart mense, lesbiërs, ens. dat erkenning geëis word. “The demand is not for inclusion within the fold of ‘universal humankind’ on the basis of shared attributes; nor is it for respect ‘in spite of’ one’s differences. Rather, what is demanded is respect for oneself, *as* different” (Kruks 2001:85).

Die reikwydte van IP en die terreine waarop dit toegepas word, is haas onoorskoubaar. Die basis vir IP-aansprake kan wissel van ras, etnisiteit, geslag, gender en seksuele oriëntasie tot ouderdom, (ekonomiese) klas, verskillende grade van gestremdheid, opleidingsvlakke, godsdiens, taal of geografiese gebied. Die gebruik daarvan strek ook oor die hele politieke spektrum. Hoewel IP aanvanklik veral deur linksgeoriënteerde groeperings soos die feministiese, LGBTQ-, bevrydings- en menseregtebewegings as voorkeurstrategie benut is, het konserwatiewe en regse groepe dit in die jongste tyd ook as ’n uiters effektiewe metode ontdek. Voorbeelde hiervan is die verrassende opgang van regse politieke strominge in die VSA, Europa en elders, verskeie separatistiese bewegings in Skotland, Quebec, Katalonië, Palestina, Kameroen en Soedan (om enkele voorbeelde te noem), en ook godsdienstige groeperings wat strek van konserwatiewe Christelike gemeenskappe tot radikale Islamitiese bewegings. Ironies genoeg sluit dit ’n vorm van herleefde “wit” IP in wat so ver strek as Australië (McLean 1998), maar wat veral die Trump-era in die VSA kenmerk (Bronstein 2019; Smith 2019). In Suid-Afrika bied Solidariteit ’n interessante voorbeeld, wat egter op ’n heeltemal ander wyse en met die gebruik van ’n eiesoortige strategie ontwikkel het, soos hier onder verduidelik sal word.

Hier vind ons reeds ’n eerste voorbeeld van die ironie wat IP deurgaans kenmerk – ’n strategie van linkse oorsprong en ingesteldheid wat ewe behendig deur regse groepe benut word. Die rede vir hierdie skynbare teenstrydigheid is dat die kenmerk wat alle vorme van IP deel, nie ras, gender, seksuele oriëntasie, klas of politieke filosofie is nie. Dit is eerder die ervaring van *verontregting,* van *uitsluiting* en van *magsverlies* wat deur al hierdie verskillende groepe beleef word, hoeseer hulle andersins van mekaar mag verskil. Dit is hierdie generiese kenmerk wat universeel eerder as partikulier is en wat IP ’n aantreklike strategie dwarsoor die politieke spektrum maak, al het dit sy historiese oorsprong in “linkse” of “bevryding”-kringe.

Die skynbaar ingebore behoefte aan onderskeiding en om afstand te neem word verder verdiep as dit met die ontwikkeling van elke individu se selfbewussyn in verband gebring word. Om *iemand* te kan wees, om *jouself* te kan wees, impliseer dat jy jou van ander onderskei. Dit is die essensie van self-bewussyn, dit wil sê om bewus te wees dat jy *jy* is en nie iemand anders nie. Terselfdertyd is hierdie bewussyn die oorsprong van diversiteit. Dit roep die vraag na vore of die aandrang op erkenning van jou identiteit in wese 'n vorm van *verset* is, met ander woorde die stel van jouself teenoor en in onderskeiding van ander – en wat dus onvermydelik *skeiding* impliseer. Dit sou die geval kon wees slegs as hierdie (onder)skeiding as eindpunt, as deel van 'n binêre teenstelling, as 'n óf ... óf-keuse bedink word.

Hier duik die eerste paradoks op: Die skeiding en die vorming van 'n eie identiteit kan nie sonder die hulp en deelname van ander gebeur nie. Weick (1995:21–2) verduidelik hoe ons selfbeeld tot 'n groot mate gevorm word deur die beeld wat ander van ons het. Die idealisering van die alleen-weg, van "going it alone" wat dikwels met identiteitsvorming verbind word, berus op 'n illusie en kan op die ou end nie volgehou word nie. Dit gaan met 'n verdere vorm van ironie gepaard: Hoe meer IP-groepe hul van ander wil afskei, hoe meer afhanklik word hulle van ander. Trouens – soos later aangevoer sal word – dit is slegs met die medewerking van die ander, of van die meerderheid, of van die heersende maghebbers dat die erkenning en regte van die benadeelde groep bewerkstellig kan word.

Dit is egter nie die einde van die reeks van teenstrydighede, paradokse en ironieë nie. Die uitsluiting wat die IP-groep ervaar, word soms deur die groep self geradikaliseer deurdat slegs diegene wat dieselfde ervaring meegemaak het, toegelaat word om deel te neem, na geluister word en as bevoeg beskou word om 'n mening uit te spreek. Die uitsluiting wat in die eerste plek aanleiding gegee het tot die ontstaan van die groep, word opgevolg met 'n verdere, meer radikale vorm van uitsluiting, waarby enigeen wat nie die betrokke ervaring persoonlik deurleef het nie, gediskwalifiseer en deelname ontsê word.

Hierdie verstrengeling van positiewe en negatiewe kenmerke dwing ons om dieper te delf en verby die skynbaar onstuitbare toename van IP-groepe en die gepaardgaande versplintering van die samelewing te kyk om tot die kern van die probleem te probeer deurdring. Wat is die "oerkrag" wat hier aan die werk is? Die drang *om te wees*? Maar dan weer eens: Kan ek bestaan sonder om *myself* te wees, om bewus te word dat ek *ek* is, in onderskeid van ander? Beteken om te *wees* in essensie om (af)geskei te wees?

'n Verdere probleem is dat identiteit as sodanig dikwels met die eis van *erkenning* (vgl. McNay 2008; Fukuyama 2018) en *respek* vir die betrokke identiteit verbind word. Maar wie is die *subjek* van hierdie erkenning en respektering? Duidelik: die "ander"! Dus bly die individu of groep vir die vervulling van hul diepste behoefte afhanklik van die ander, berus al hul pogings om hul van ander te onderskei, om anders te wees, op die bereidheid van ander om hierdie onderskeidings te erken en te eerbiedig. Hierdie wederkerigheid kan nie willekeurig ontknoop word nie. Elke groep of enkeling impliseer en veronderstel die ander.

Identiteit bly dus een van die mees boeiende aspekte van ons menslike bestaan. Nie alleen speel dit 'n onmisbare rol in die ontwikkeling van elke mens nie, maar beskik dit ook oor ongekende sosiale mobiliseringskrag. Daarby het dit – soos baie ander menslike eienskappe – 'n inherente tweekantigheid in die sin dat dit ten goede of ten kwade aangewend kan word. Terwyl positiewe identiteitsvorming van deurslaggewende belang vir gesonde persoonsontwikkeling en vir sosiale samehorigheid kan wees, kan dit ook die basis vorm vir oorheersing, diskriminasie

en verontregting. Geen wonder dat identiteit ook ’n sterk emosionele lading dra wat beide positiewe en negatiewe assosiasies kan oproep nie.

Identiteit blyk ook ’n soort van kanniedood-karakter te hê. Hoewel dit soms minder prominent in die sosiale en politieke diskoers van ’n bepaalde era is, keer dit op ander tye met mening en met ’n nuwe dringendheid terug. In hierdie artikel val die soeklig op die afgelope vier dekades en die heel nuwe dimensie van identiteit wat die golf van globalisering na vore gebring het. Hierdie onlangse verwikkelinge vorm die agtergrond van ons bespreking van één spesifieke vorm van identiteitsvorming en die implikasies daarvan, naamlik identiteitspolitiek.

2. Teenstrydighede en onopgeloste vrae

IP word gekenmerk deur ’n reeks van teenstrydighede, paradokse en onopgeloste vrae.

Die eerste geld die onderskeid (maar ironies genoeg ook die ooreenkomste) tussen individuele en groepsidentiteit. Gewoonlik word van verskillende strategieë gebruik gemaak in die vorming van hierdie twee soorte identiteit. In die geval van groeps- of sosiale identiteit is interne samehorigheid ’n belangrike prioriteit wat deur ’n proses van gelykskakeling bereik word. Verskille word onderbeklemtoon of genegeer en die nadruk val op die eenvormigheid van die groep. Individuele identiteitsvorming, daarenteen, gebruik ’n strategie van differensiasie deurdat die profiel van die individu gevorm word in teenstelling tot ander lede van die groep en op grond van die spesifieke rol(le) waarmee die individu hom of haar vereenselwig. Die groep bestaan uit ’n versameling van onderling verbonde individue, waarbinne die laas-genoemde egter bepaalde funksies vervul en waar die voorwaardes vir die interaksie met ander lede van die groep op onderhandeling berus (Stetson en Burke 2000:228).

Dit beteken dat individuele-identiteitsteorie ’n uiteenlopende (divergerende) en sosiale-identiteitsteorie ’n saambindende (konvergerende) tendens vertoon. Dit word veral duidelik wanneer daar ooreenkomstig die gekose of toegeëiende identiteit in konkrete situasies opgetree word. Albei vorme van identiteit word gevorm deur ’n dinamiese proses waarby sowel die aanvaarde identiteit as die spesifieke omstandighede ’n rol speel. In die geval van sosiale identiteit is die moontlike alternatiewe minder, omdat individuele verskille ter wille van die gemeenskaplike identiteit onderbeklemtoon word. Die groep funksioneer as ’n prototipe waarby die individu aanpas en nie andersom nie. Hierdie proses vorm die grondstruktuur van alle vorme van stereotipering, wat altyd ’n mate van veralgemening en uiteindelik vergrowwing en vertekening meebring. Dit volg dat as die eenhede groter word – byvoorbeeld as van groep na staat en selfs die “internasionale staat” (vgl. Wendt 1994) beweeg word – die beperking en vertekening nog groter word. Daar vind dus ’n mate van ontpersoonliking (depersonalization) plaas, waarvolgens mense hulle eerder met die sosiale kategorie as met die individu as sodanig vereenselwig. “Depersonalization is the basic process underlying group phenomena such as social stereotyping, group cohesiveness, ethnocentrism, cooperation and altruism, emotional contagion, and collective action” (Stetson en Burke 2000:232).

Daarteenoor beklemtoon individuele identiteitsteorie die volle spektrum van keusemoontlikhede wat vir die individu beskikbaar is en werk dit gevolglik eerder uitbreidend as beperkend. In hierdie verband hang die teenstelling uitbreidend teenoor beperkend saam met die kontras tussen enkelvoudig en meervoudig, soos later duideliker sal blyk.

Die saambindende tendens van die groep geld egter slegs die interne samehorigheid van die groep. Sodra die groep na buite optree, hulle van ander groepe onderskei of hulle teen ander wil verset, verander die konvergerende instelling na een van teenstelling en verdediging en vertoon die groep die kenmerke van ’n mono-identiteit.

Sekere situasies bevorder die ontwikkeling van enkelvoudige identiteit. In monokulture, waar taal-, kultuur-, godsdiens- en staatsgrense grotendeels saamval, is meervoudigheid minder van ’n bedreiging en kan die ideaal van enkelvoudige identiteit langer in stand gehou word. Vir minderhede, met name miskende, onderdrukte en verontregte minderhede, bied enkelvoudige identiteit dikwels die enigste mobiliseringsbasis. Gevolglik word IP die mees voor die hand liggende strategie. Maar selfs in samelewings wat deur meervoudigheid en verskeidenheid gekenmerk word, word enkelvoudige identiteit dikwels as ideaal voorgehou – ironies genoeg as teenvoeter vir veelvuldigheid. Die VSA kan daarom op sy smeltkroesverlede roem, omdat sy burgers bowenal “Americans” is. In Suid-Afrika, daarenteen, is die ou landleuse, *ex unitate vires* (“krag uit eenheid”), en die meer onlangse (en in sigself teenstrydige) “unity in diversity” dikwels nie in staat om die krake wat deur verskeie enkelidentiteite veroorsaak word, te verberg nie.

’n Verdere teenstrydigheid duik op as gevra word: Wie is die “outeur” van identiteit? Gewoonlik word tussen eksogene en endogene identiteit onderskei. Eersgenoemde is identiteit wat van buite “toegeken” word aan ’n individu of groep. Byname is ’n goeie voorbeeld hiervan. Sodanige identiteit het meestal ’n negatiewe konnotasie vir die draer daarvan – ’n identiteit wat as onvanpas, vernederend of oneg ervaar word. Stereotipes is ’n ander voorbeeld van toegekende identiteit wat nie net negatief en vernederend kan wees nie, maar ook lewensgevaarlik – wat in tragiese gevalle al selfs op volksmoord uitgeloop het.

Hoewel “nasionale” identiteit wel endogeen kan wees, is dit in baie gevalle eksogeen, byvoorbeeld wanneer dit deur ’n veroweraar of maghebber aan die verowerde toegeken word. Met die versnippering van Afrika tydens die koloniale tydperk is nie net fisiese grense nie, maar ook “nasies” deur die koloniale maghebbers kunsmatig geskep en met geweld afgedwing. Dit wil nie sê dat daar nie gronde vir so ’n identiteit bestaan nie – historiese, kulturele en geografiese faktore speel wel ’n rol in die proses. Ook in die geval van individue kan ’n bynaam ’n sekere karaktertrek raak vasvang. Dit gaan egter daaroor dat hierdie identiteit van buite af toegeken word en nie intern geëien word nie.

By endogene identiteit is die “eienaar” in beheer en vorm dit deel van elke mens se ontwikkeling as persoon. Die eerste gewaarwording van die self is terselfdertyd ’n bewuswording van identiteit – die bewuswording dat ek ek is, iemand uit eie reg, anders as my ouers of familie. Hierdie self-bewussyn is die eerste stap van ’n ontdekkings- en vormingsproses waardeur die “self” al duideliker kontoere aanneem in onderskeid van ander identiteite. Hierdie endogene identiteit word grootliks deur die persoon self gedefinieer en – meer belangrik – deur die persoon self *geëien*.

By nadere ondersoek blyk die onderskeid tussen ekso- en endogene identiteit egter nie so klinkklaar te wees nie. Hoe graag die self uitsluitlik in beheer van die proses van identiteits-vorming sou wou wees, is daar altyd ook ’n *ander* in spel. Van die oer-Afrikaïese mantra “ek is ’n mens deur ander mense”, via Buber (1997) se *Grundwort* “Ich und Du”, en Ricoeur (1995) se “Soi-méme comme un autre” is die *dialogiese* aard van identiteitsvorming nog altyd besef. In organisasiekunde het Robert Weick (1995) gewys op hoe die proses deur die voortdurende

wisselwerking van twee vorme van identiteit voortgestu word: die selfbeeld wat die "maker" van sigself het, en hoe ander hierdie "maker" sien. Ons selfbeeld ('n ander woord vir ons "reputasie") is nie iets waaroor ons alleen besluit of beskik nie – dit word wesenlik beïnvloed deur hoe ander ons waarneem en tipeer.

Ons stuit dus ook hier op 'n paradoks, wat met 'n verdere faset saamhang: die krag van minderhede. IP-groepe boks in baie gevalle bo hul gewigklas. Die merkwaardige prestasie van IP om vir minderhede in die praktyk gelyke status en regte as meerderhede te verseker is 'n aanduiding van hoe hulle die "swakheid" van minderhede in 'n kragbron omskep. Ironies genoeg word dit gedoen nie deur die magsbasis van die groep te vergroot nie, maar deur dit te reduseer tot die kleins moontlike minderheid – dié van die enkeling en die regte van hierdie enkeling. In die Suid-Afrikaanse konteks het die poging misluk om groepsregte in die Grondwet te verskans. In plaas daarvan word die basiese regte van *elke individuele burger* deur die Handves van Menseregte gewaarborg (vgl. die herhaalde gebruik van "elkeen"/"everyone" in hoofstuk 2 van die Grondwet). Dit is hierdie individuele regte wat die basis verskaf vir die mobilisering vir die groep om vir hulle groepsbelange in die bres te tree. Op hierdie wyse word die meerderheid van getalle en die mag wat die meerderheid kan uitoefen, effektief omseil deur op die regte van die enkeling terug te val. As dit met 'n aggressiewe styl gepaard gaan, kan dit des te meer doeltreffend wees. 'n Goeie voorbeeld is die veel groter invloed en media-aandag wat die EFF en hul leier geniet as wat hul getalle by die stembus regverdig.

Tog is die saak ook hier nie so eenvoudig nie. Vir die *begronding* van hul aansprake kan IP-groepe hul op die Grondwet en die basiese reg van die enkeling beroep. Vir die *verwesenliking* van hierdie aansprake is hulle egter op die instemming/medewerking/sanksie van die meerderheid aangewese. Ook die kwessie van *mag* en *magsuitoefening* kan dus nie op sigself of in isolasie plaasvind nie – ook hier kan dit alleen in 'n groter en gemeenskaplike konteks verwesenlik word. Dit is die ontbrekende faktor wat McNay benadruk en wat later in die artikel weer ter sprake kom.

Die poststrukturalistiese kritiek van Heyes (2002) dat IP steeds op 'n vorm van essensialisme berus, sou in die kol wees as ontologiese prioriteit aan identiteit toegeken word. Maar die dinamiese, vloeibare, onstabiele en veranderende aard van identiteit word lank reeds erken, ook in dekonstruksiekringe. Dink maar aan Derrida (1981:21) se gebruik van *différance* om die "systematic play of differences, of the traces of differences, of the spacing by means of which elements are related to each other" te beklemtoon – die immer verskuiwende, ontglippende aard van ons taal en bestaan (wat ook identiteit insluit). Heyes se kritiek kyk dus die eintlike punt mis, want dit verklaar nie die voorstuwende krag van identiteit en die diepgewortelde behoefte om te "behoort" nie.

Die drang na identiteit, die proses van bewuswording, blyk dus van konstituerende aard te wees – dit is hoe die self gebore word, na vore tree, sigbaar word. Ten diepste gaan dit om die behoefte om *raakgesien* te word. In die woorde van Tiemie van *Siener van die suburbs* se versugting: "Ek wil van *geweet* wees." Maar hierdie bestaan word (paradoksaal!) werklikheid alleen as dit deur ander erken word. Die konstituering van die self hang nie slegs van selfponering af nie, maar ook van die konstituering deur die *ander*.

IP word egter nie slegs deur 'n reeks van teenstrydighede gekenmerk nie – dit gaan ook gepaard met onbedoelde gevolge vir eenheid en samehorigheid.

3. Die achilleshiel van IP

Ten spyte van die groot mate van sukses waarop IP aanspraak kan maak, het dit ook onbedoelde nadelige gevolge. Die Achilles-hiel van hierdie benadering is die ernstige en skynbaar onkeerbare verbrokkeling wat dit veroorsaak, met negatiewe gevolge vir sosiale samehorigheid.

Om van hierdie gevolge konkreet te illustreer, word – tussen tientalle ander moontlikhede – kortliks na vier voorbeelde verwys. Die gevalle verskil in sekere opsigte radikaal van mekaar, maar vertoon nogtans tipiese IP-kenmerke. Die eerste twee verteenwoordig teenoorgestelde uiterstes op die politieke spektrum, waar die gemeenskaplike geneigdheid na vernouing egter sy tol eis. In die eerste geval word handelingsmoontlikhede al meer verskraal totdat slegs die opsie van geweld oorbly, terwyl die tweede groep binne ’n ope, liberale bestel moet opereer wat nie strook met sy revolusionêre doelwitte en werkswyse nie. Die derde voorbeeld laat blyk hoe ’n andersins hoogs suksesvolle en invloedryke beweging se interne solidariteit deur ’n proses van voortgaande uitsluiting bedreig word. In die laaste geval word “politiek” van ’n breër aard bedryf deurdat die grense van partypolitiek doelbewus oorskry word om die groter ruimte van die burgerlike samelewing vir ’n groot verskeidendheid van inisiatiewe te benut.

3.1 Proud Boys: Glybaan na geweld

Die Proud Boys (PB) is ’n verregse, chauvinistiese, rassistiese, antisemitiese en antiislamitiese beweging wat glo in die meerderwaardigheid van die Westerse beskawing en wat politieke geweld in die VSA en Kanada aanstig. Die naam verwys na die liedjie “Proud of your boy” uit die Disney-film *Aladdin,* waarin Aladdin sy moeder om verskoning vra dat hy ’n “slegte seun” was en belowe om haar voortaan trots op hom te maak. Gavin McInnes (stigter van die PB in 2016) interpreteer die liedjie as ’n misplaaste apologie van Aladdin omdat hy ’n seun is en onder druk geplaas word deur vroue wat hulself as slagoffers voordoen. Die slagoffermentaliteit van vroue en van onderdrukte groepe is volgens McInnes ’n ongesonde verskynsel wat tot gevolg het dat wit mans en die Westerse kultuur hulle tans in ’n staat van beleg bevind.

Die PB volg die geykte IP-strategie van kategorisering en vyandskepping. In die praktyk beteken dit ’n konsekwente anti houding teenoor enigiets of enigiemand wat nie aan die eng kriteria van die eie groep (in hierdie geval wit, manlik, Westers) voldoen nie. Die beweging rig hom teen mense wat nie wit is nie, maar ook teen vroue, Jode, Moslems, transgender persone, Antifa (antifascisme), immigrante, Oosterlinge, liberaliste, sosialiste en nog meer. Dis ’n klassieke voorbeeld van uitsluiting en van die verenging van die eie identiteit.

Die radikale aard van die PB se uitsprake en optrede het daartoe gelei dat hulle deur die belangrikste sosiale netwerke uitgesluit word. Facebook, Instagram, Twitter en YouTube weier om enige materiaal van hulle te plaas. Die Kanadese regering het hulle amptelik as ’n terroristegroep geklassifiseer, terwyl die Departement van Justisie in die VSA die beweging in 2021 van sameswering teen die staat beskuldig het.

Dis ironies dat die PB beweer dat hulle reëls “racist, white supremacist or violent activity” verbied (Shannon 2020), terwyl hul ontstaansgeskiedenis en openbare optrede hierdie beleidstelling weerspreek. Sodanige diskrepansie tussen amptelike beleid en konkrete optrede kom nie alleen by die PB voor nie, maar ook by ander IP-groepe, soos straks sal blyk.

Op tipiese wyse verklaar die PB hulself as ’n minderheidsgroep (in weerwil van statistiese feite en die historiese posisie van wit mans) – ’n groep wat volgens hulle onder beleg is, wie se voortbestaan bedreig word en hulle gevolglik die slagoffers van onreg en diskriminasie maak. Vandaar hul aanspraak op die reg op verset en hul regverdiging van die gebruik van geweld.

Naas hierdie bekende generiese strategieë is die mees opvallende kenmerk van die PB’s eerstens die reikwydte van hul “antisisme” en tweedens hul verheerliking van geweld. Die spektrum van hulle “anti” sentimente is besonder breed – soos reeds hier bo aangedui is. Ras, gender, godsdiens, kultuur, politieke filosofie en lewensbeskouing vorm alles deel van die palet. Vroue en niewit lede word wel geduld, maar slegs as hulle die PB-ideologie volledig onderskryf.

Die keersy van hierdie omvattende “vyandbasis” wat die PB die stryd aansê is dat hulle in die praktyk ’n buitengewoon geïsoleerde groep is met ewe-eens beperkte handelingsmoontlikhede. Die PB verpersoonlik die uiterste teenpool van verdraagsaamheid, onderhandeling, konsensus en kompromie – alternatiewe wat deur die groep as vorme van “swakheid” verwerp word. Hiermee is die terrein voorberei vir die tweede opvallende kenmerk van die groep, naamlik die propagering en beoefening van fisieke geweld.

Die keuse vir geweld as “voorkeuroplossing” moet nie metafories misverstaan word nie. McInnes is hieroor eksplisiet: “I cannot recommend violence enough. It is a really effective way to solve problems” (Hatewatch 2017) en verder: “I want violence, I want punching in the face. I’m disappointed in Trump supporters for not punching enough” (McInnes 2021). Die groep het aktief deelgeneem aan ’n lang reeks van gewelddadige protesoptredes sedert 2017, wat in 2021 ’n hoogtepunt bereik het met die bestorming en besetting van die Amerikaanse Kongresgebou (die Capitol) in Washington.

3.2 Economic Freedom Fighters: Spanning tussen teorie en praktyk

Hier te lande bied die Economic Freedom Fighters (EFF) ’n voorbeeld aan die teenoorgestelde kant van die IP-spektrum – ’n soort van “linkse” teenpool van die PB van die VSA en Kanada. Die hoofdoel van die party is die ekonomiese (naas die politieke) bevryding van Suid-Afrikaners wat steeds deur die nagevolge van apartheid benadeel word. Hul leier, Julius Malema (eertydse president van die jeugvleuel van die African National Congress), het in 2013 van die ANC weggebreek om ’n eie party te stig. Die EFF-grondwet wat op 16 Desember 2014 by die stigtingsvergadering in Mangaung aanvaar is, is ’n belangrike dokument wat die beginsels, doelwitte en strategie van die party uitspel.

Die party vertoon al die klassieke kenmerke van ’n IP-beweging. Soos die PB, posisioneer die EFF hulself as ’n radikale en uitgesproke “anti” party (“anti-capitalist, anti-racist, anti-sexist, anti-imperialist” volgens artikel 1.4 van hul grondwet), met die groot verskil dat hulle eksplisiet die gelykheid van vroue “and other gendered persons” erken en wil bevorder (“to oppose oppression of women and all other gendered persons” en “to oppose patriarchy, sexism, and homophobia and any discriminatory practices that promotes (sic) the oppression of anyone, women in particular” – artikel 2.7 en 2.8).

Meer nog: Die EFF se grondwet spreek hom “resolutely” uit teen enige vorm van onverdraagsaamheid wat betref afkoms, godsdiens, kultuur en burgerskap (“to oppose resolutely, tribalism, regionalism, religious and cultural intolerance” – artikel 2.6) en verwerp vreemdelingehaat en “any discriminatory practices that promotes (sic) the oppression of anyone” (artikel 2.8).

Die EFF vorm deel van die bestaande politieke bestel in Suid-Afrika en funksioneer formeel binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse Grondwet – wat EFF-parlementslede kragtens hulle ampseed onderneem om te eerbiedig en te beskerm. Die party maak ruim gebruik van die land se regstelsel as dit tot hulle voordeel ingespan kan word.

Wat die EFF veral interessant maak, is die spanning tussen beleid en praktyk. By die bespreking van die PB is reeds hierna verwys. Dis natuurlik 'n neiging wat ook by baie ander politieke partye voorkom. In die geval van die EFF kan die spanning egter na hul grondwet self terug-gevoer word.

Hoewel die EFF binne die konstitusionele bestel optree, veroorloof die party hom die vryheid om van "whatever revolutionary means possible" gebruik te maak "to capture political and state power". Hoewel hy hom vir die ekonomiese welvaart "of all" beywer, is die fokus in besonder op "Africans" (artikel 2.1 – vgl. EFF Constitution 2014). Die einddoel is niks minder nie as die vervanging van die bestaande bestel met 'n alternatiewe staat. Dit moet bereik word deur "the complete overthrow of the neo liberal (sic) anti-black state" en die vestiging van "the dictatorship of the people in place of the dictatorship of the bourgeoisie" (artikel 1.3).

Die skisofrenie van die EFF bestaan dus daarin dat die party binne 'n staatsbestel moet opereer waarvan hy die legitimiteit betwyfel en waarvan hy eintlik nie deel wil wees nie. Die gewaande inklusiwiteit (vgl. die herhaalde gebruik van "all") is in werklikheid 'n seksionele "all", in ooreenstemming met die anti karakter van die party, gerugsteun deur sy IP-strategieë.

Die onderliggende spanning in die basisdokumente word versterk deur die party se optrede in die praktyk, wat telkens in stryd is met sy verklaarde beginsels. Hoewel die voorwoord van hul grondwet verduidelik dat die EFF gelei word "by ideals that promote and practice (sic) organic forms of political leadership, which appreciate that political leadership at whatever level is service, not an opportunity for self-enrichment and self-gratification", word die leierskap geruime tyd al by die VBS-bankskandaal betrek (vgl. Kahla 2018; Grootes 2020). Hoewel die party hom vir die onafhanklikheid en eenheid van alle Afrika-state beywer (artikel 2.5), was lede by gevalle van vreemdelinghaat betrokke wat deur die leierskap veroordeel moes word (Makhafola 2019). Verder is die party en sy leier in 'n reeks hofsake van haatspraak en rassisme aangekla. Sommige hiervan is deur die EFF gewen (Rabkin 2019), terwyl ander verloor is (Njilo 2020). Julius Malema is reeds twee keer skuldig bevind op 'n klag van haatspraak, waarvan die bekendste die uitspraak van die Gelykheidshof in 2011 was oor sy sing van "awudubula ibhunu" ("kill the boer" – vgl. Afri-Forum and Another v Malema and Others 2011).

Die radikale filosofie van die party, sy konfronterende politieke styl en sy eksklusiewe fokus op één bepaalde groep vir wie hy as kampvegter wil optree, bring mee dat die EFF 'n hoogs polariserende faktor in die Suid-Afrikaanse samelewing geword het (vgl. *BBC News*, 30 Maart 2019).

Die optrede van die EFF kan as opportunisties beskryf word, of as polities baie bedrewe, afhangende van die perspektief van die waarnemer, en daar is geen twyfel dat hulle weet hoe om publisiteit optimaal te benut nie. Hoe ook al, die EFF se optrede werk toenemend polarisasie, konfrontasie en onvermydelik fisieke geweld in die hand – tot skade van die brose sosiale kohesie in die land.

3.3 Feminisme: Van 'n inklusiewe na 'n eksklusiewe benadering

Feministiese teorie en praktyk is so omvangryk en wydvertak dat dit haas onmoontlik is om enige algemeen-geldende opmerkings oor die veld te maak. Hier word slegs één episode in die lang en verwikkelde geskiedenis van die beweging uitgelig wat die kern aanraak van die probleem wat in hierdie artikel bepreek word, naamlik die verskuiwing van 'n inklusiewe na 'n eksklusiewe benadering wat plaasgevind het in die tagtigerjare van die vorige eeu.

Gedurende die 1960's het vroue in die VSA 'n leidende rol gespeel in die Civil Rights Movement en in die protesbeweging teen Amerikaanse betrokkenheid in die Viëtnam-oorlog. Dit het hulle gedoen op 'n inklusiewe wyse, as deel van 'n groter, omvattende sosiale en burgerlike solidariteit. Die uitgangspunt was dié van gelykheid – gelykheid van regte en geleenthede, en van gelyke toegang tot en deelname aan alle aspekte van die samelewing. Aanvanklik is 'n groot mate van sukses behaal (byvoorbeeld die aanvanklike aanvaarding van die Equal Rights Amendment deur die Amerikaanse kongres en senaat). Die verwagtinge was hoog dat seksisme oorwin sou kon word en dat vroue uiteindelik die vryheid sou geniet wat hulle so lank ontsê is.

Hierdie verwagtinge het egter toenemend in ontnugtering verander. Mandle (2021) wys daarop dat vroue ten spyte van hulle groot bydrae tot die burgerregtebeweging steeds nie die erkenning geniet het wat hulle verdien het nie. Die stereotiepe opvattings van mans as natuurlike leiers en vroue as volgelinge het selfs binne die Civil Rights Movement voortgeduur. Van gelyke geleenthede vir vroue (om van gelyke vergoeding nie te praat nie) het weinig gekom. Verder het die algemene politieke klimaat teen 1980 onder die presidentskap van Ronald Reagan toenemend konserwatief geword. Die gevolg was 'n drastiese verandering van oriëntasie en van strategie – 'n ommeswaai van insluiting en solidariteit na een van uitsluiting en die alleengang van vroue. Hierin het die beginsels van IP 'n belangrike rol gespeel. Dis belangrik om te beklemtoon dat feminisme nie 'n uitvloeisel van IP is nie – die beweging het lank reeds en om ander redes sy beslag gekry. IP het egter die onderbou verskaf om die *andersheid* van vroue te begrond (in teenstelling met die gelykheidsbenadering van vroeër) en om hul struktureel benadeelde status te beklemtoon.

Die gevolg was 'n inkeer na binne, die toenemende afstand neem van die samelewing in sy geheel, en 'n nuwe vasbeslotenheid om nie op ander (veral prinse) te vertrou nie, maar op eie krag staat te maak en die stryd dan maar alleen te voer. "Identity politics defines groups as so different from one another, with the gap dividing them so wide and unbridgeable, that interaction is purposeless" (Mandle 2021).

Die oortuiging dat samewerking oor gender- en ander grense net nie moontlik is nie, het egter ook ander, onbedoelde, interne, en derhalwe meer skadelike gevolge gehad. Die neiging tot toenemende versplintering het oorgespoel in die feministiese beweging self en die interne solidariteit bedreig. Een opvallende voorbeeld is die interne spanninge wat onlangs binne die NWSA (National Women Studies Association) voorgekom het. "Identity groups within the organization pitting academic women against non-academic women, Jewish women against non-Jews, women of color against white women, lesbians against straight women, lesbians of color against white lesbians, mothers against non-mothers and more" (Mandle 2021).

Hierdie interne spanninge doen nie enigsins afbreuk aan die belangrike en omvangryke bydrae wat feminisme gelewer het en steeds lewer tot sosiale geregtigheid, die strukturele verandering

van die gemeenskap en die substansiële verbetering van die posisie van vroue nie. Die verbrokkelingspotensiaal van IP is sekerlik ook nie eie aan feminisme nie, maar ’n verskynsel wat in een of ander graad by feitlik alle vorme van IP voorkom, tot nadeel van sosiale samehorigheid.

3.4 Solidariteit: Verskuiwing van die politieke terrein na die burgerlike sfeer

Die Solidariteit-beweging in Suid-Afrika is in baie opsigte ’n atipiese voorbeeld van IP. Nogtans maak die beweging wel deeglik van IP-beginsels en -strategieë gebruik wat op vernuftige en vindingryke wyse toegepas word.

In die Suid-Afrikaanse politieke bestel staan Solidariteit waarskynlik die naaste aan die Vryheidsfront Plus. Vir die doel van hierdie artikel is eersgenoemde egter meer interessant as laasgenoemde, omdat Solidariteit doelbewus ’n breër terrein bestryk en buite die nouer grense van partypolitiek optree.

In haar insiggewende analise toon Van Zyl-Hermann (2021) aan tot watter mate Solidariteit en die burgerregteorganisasie AfriForum daarin geslaag het om ’n “alternatiewe staat” vir Afrikaners binne die Suid-Afrikaanse staatsbestel te skep. Daar is geen onduidelikheid oor die vakbondagtergrond van Solidariteit nie en ook nie dat ten volle van die rasgebaseerde voorregte gebruik gemaak is wat wit Afrikaners in die verlede geniet het nie. Die aanspraak op die “minderheidstatus” van die lede van die beweging word tans egter gebaseer op die uitgangspunt dat Afrikaners in die nuwe bestel die slagoffers van onregverdige regstellende aksie geword het. Solidariteit vertoon gevolglik baie van die IP-kenmerke wat reeds bespreek is. Die oriëntering is duidelik konserwatief, en aanvanklik was daar ook steun vir die gedagte van ’n afsonderlike “volkstaat” vir Afrikaners.

’n Belangrike keerpunt het gekom toe daar teen 1994 finaal afgesien is van die poging om ’n afsonderlike geografiese gebied as “volkstaat” erken te kry – waarskynlik vanweë die praktiese onhaalbaarheid van die idee (vgl. Van Zyl-Hermann 2021:109). Maar selfs meer fundamenteel en betekenisvol was die besluit om eerder op die burgerlike samelewing as op die politieke terrein te konsentreer. Solidariteit streef dus nie na direkte parlementêre verteenwoordiging nie. Die basis vir optrede is die regte waarop elke burger aanspraak kan maak en wat in die Grondwet van die land verskans is.

Hierdie strategiese verwisseling van “gevegsterrein” het groot voordele vir die beweging meegebring. Eerstens word die koste en energie wat die normale partypolitiek en die gepaardgaande verkiesingsveldtogte vereis, bespaar en word die hulpbronne in ’n ander rigting aangewend. Kommunikasie is direk met lede en die aandag word op konkrete kwessies toegespits. Tweedens is die voorkeurinstrument van optrede die bestaande regstelsel eerder as parlementêre magsprosesse – ’n keuse waarmee Solidariteit tot dusver aansienlike sukses behaal het. Derdens het dit die beweging in staat gestel om gaandeweg van ’n rasgebaseerde bestel na ’n meer inklusiewe benadering te beweeg (ten spyte van ’n duidelike apartheidsverlede) deur ook vir ander “benadeelde” minderheidgroepe in die nuwe bestel in die bresse te tree. Vierdens het die skopus van die beweging se bedrywighede en dienste dramaties toegeneem. Soos Van Zyl-Hermann (2021:111) uitwys, is daar haas geen samelewingsterrein wat nie bedien word nie – opvoeding en opleiding (laer, tegniese en hoër onderwys), maatskaplike dienste, ’n bougenootskap, finansiële en beleggingsadvies, kapitaalvoorsiening vir nuwe ondernemings, ’n eie mediakanaal met tydskrifte, ’n uitgewery en rolprentbedryf, ’n

bemarkingsplatform vir "Afrikaanse" produkte, die verskaffing van plaaslike dienste as alternatief vir die staat se gebrekkige bestuur en dienslewering, eie internasionale betrekkinge, en les bes 'n eie vervolgingsgesag. Geen wonder dat die beweging toenemend die kontoere van 'n "alternatiewe" staat of 'n "staat binne 'n staat" begin aanneem nie (Van Zyl-Hermann 2021:117).

Laastens – en as oorgang na die volgende gedeelte – vind hierdie inisiatiewe plaas binne die raamwerk van en in aanvaarding van die "nuwe" Suid-Afrika. Die stryd is nie teen die staat as sodanig nie, maar teen wat as 'n "mislukte staat" ervaar word. Die Grondwet bly die basisdokument – alle aansprake, en met name die reeks hofgedinge, word immers met 'n beroep op bestaande wetgewing en op grondwetlik verskanste regte gedoen.

Die implikasie is dat in hierdie opsig die gety van uitsluiting en verbrokkeling in 'n mate omgekeer word ten gunste van 'n meer insluitende benadering. Die "alternatiewe staat" vervang nie die regstaat nie, maar bestaan daarnaas of liewer, daarbinne. Meer nog, die "alternatiewe staat" maak ten volle gebruik van die instrumente en moontlikhede wat laasgenoemde bied om die doelwitte van die beweging te bevorder. Dit is nog 'n geval van waar die wapens van die "vyand" tot eie voordeel ingespan word (vgl. Castells en Lategan 2021:1). Hoewel Solidariteit wel deeglik as minderheid mobiliseer, en op basis van ervaarde benadeling, vind die mobilisering plaas binne die groter bestel van die staat, wat juis sekere hefbome bied wat die beweging tot sy voordeel inspan.

Ook in 'n ander opsig het 'n mate van verbreding plaasgevind, weg van 'n eng rasgebaseerde benadering. In 2016 het Solidariteit 'n belangrike toetssaak gewen toe die Konstitusionele Hof beslis het dat die Departement van Korrektiewe Dienste onregverdig teen sewe bruin werknemers gediskrimineer het en beveel het dat hierdie lede bevorder en terugwerkend vergoed moet word (Strydom 2016). Hierdeur kon Solidariteit demonstreer dat hulle as kampvegter vir alle benadeelde minderheidsgroepe optree en nie slegs vir een rasgroep nie. Die beginsel van regstellende aksie word nie betwis nie, maar wel die onbillike wyse waarop dit toegepas is.

4. Die kwessie van mag en deurleefde ervaring

Moet ons teen die agtergrond van hierdie voorbeelde aanneem dat die onbedoelde gevolge van IP inherent aan hierdie benadering is en nie vermy kan word nie? Is die uiteinde van IP toenemende verenging en isolasie, polarisasie en konfrontasie, voortgaande versplintering en verlies aan sosiale samehorigheid, met reaksies wat wissel van die soeke na alternatiewe staatsvorme tot gewelddadige besettings en selfs terreur?

In die soeke na 'n antwoord moet eers twee belangrike faktore wat dikwels oor die hoof gesien word, verreken word. Die eerste is die rol van *mag* wat altyd 'n medebepalende faktor by identiteitsvorming is. In haar belangrike boek *Against recognition* argumenteer McNay (2008) dat die idee dat die soeke na *erkenning* die groot dryfveer agter identiteitsvorming is, op 'n misverstand berus. Die behoefte aan erkenning hang saam met 'n veel belangriker faktor, naamlik die uitoefening van mag in die vorm van magsverhoudinge en die sosiale hiërargieë wat altyd in "subject formation" aanwesig is. Vir haar is "a sociological account of power"

(2008:11) die ontbrekende element wat die sleutel bied tot ’n beter begrip van die dinamika van identiteitsvorming.

Enige abstrahering in die vorm van “universele” spelreëls as voorwaarde vir suksesvolle dialoog (à la Habermas), kyk dus volgens McNay die konkrete impak van magsverhoudinge in die vorm van hiërargieë, oorheersing en ervarings van onmag mis. Dit lei tot die tweede faktor wat McNay beklemtoon, naamlik die belangrikheid van *deurleefde* of *lyflike ervaring* (“embodied experience”) in die proses van identiteitsvorming. Identiteit is nie slegs ’n kwessie van abstrakte status of formele regte nie, maar ten diepste ’n kwessie van *belewing*. Hierdie belewing vorm nie alleen die kern van selfbesef nie, maar is ook noodsaaklik om die onderskeidende aard van die spesifieke identiteit tot uitdrukking te bring. ’n Meer diepgaande analise van “how the workings of power and symbolic violence both constrain and enable the individual’s ability to construct a coherent narrative” is dus nodig, want “relations of power shape and distort embodied experience in ways that often elude the individual and therefore restrict the ability to narrate a coherent account of self” (McNay 2008:116).

Die klem op deurleefde ervaring hang saam met die onderskeid tussen toegekende en selfaanvaarde identiteit waarna reeds verwys is en bring ook die netelige vraag na vore wie namens wie mag praat. As slegs diegene wat ’n betrokke ervaring self deurgemaak het, aan die gesprek mag deelneem, tree nuwe vorme van uitsluiting na vore wat ons weer eens terugbring na die sentrale kwessie van die onbedoelde gevolge van verbrokkeling, isolasie, polarisasie en uitsluiting wat so kenmerkend van IP is.

5. ’n Alternatiewe benadering

Is ’n alternatiewe benadering moontlik?

Die eerste stap in hierdie rigting sou wees om die krag, onontbeerlikheid en potensiaal van identiteit volledig te erken en aan te gryp. Dis nie om dowe neute dat Castells (1997) as titel vir sy baanbrekende boek *The power of identity* gekies het nie. Die selfbewussyn van die individu ás individu is immers die beginpunt van alle handeling en verskaf terselfdertyd die dryfkrag vir alle verdere inisiatiewe. Deurleefde en histories-gewortelde identiteit is nie alleen die bron van singewing en betekenis nie, maar is vandag “stronger than ever everywhere, as a counterpart to the global flows of capital and communication that attempt to overwhelm the specificity of every human community” (Castells en Lategan 2021:1).

Enige poging om die krag van identiteit te ontken, te verwater of te onderdruk ter wille van die groter geheel of vir die “algemene beswil”, kyk die positiewe potensiaal van identiteit mis en is uiteindelik tot mislukking gedoem. ’n Sterk identiteitsbewussyn is ’n fundamentele bousteen vir sosiale strukture en noodsaaklik vir die stabiliteit van die samelewing in sy geheel. In die woorde van Bottequin (2021): “Die wichtigste Lektion fängt bei einem selbst an.” Die kritiese vraag is met watter *konsep* van identiteit die taak aangepak word. Solank as wat aan ’n *enkelvoudige* en *binêre* verstaan van identiteit vasgeklou word waarby een identiteit teenoor ’n ander gestel word en hulle mekaar op ’n zero-som-manier probeer uitkanselleer, en wat op ’n hiërargie van mag en vermeende meerder- en minderwaardigheid berus, is die saak uitsigloos.

Onvergenoegdheid met gangbare opvattings van identiteit is nie iets nuuts nie. Pogings om tot 'n meer genuanseerde en verdiepte verstaan van identiteit te kom, strek oor 'n wye spektrum en sluit onder andere die werk in van Bhabha (1990; vgl. Easthope 1998), Butler (1990; 2004), Nussbaum (1996; 2019), Cornell (2000), Brubaker en Cooper (2000), Geschiere (2009) en Fukuyama (2018) – om slegs enkeles te noem. Om hierdie pogings in meer besonderhede te ontleed sal egter 'n artikel op sy eie verg. Hier gaan dit om die omkering van die *basisstruktuur* van die identiteit – van 'n uitsluitende na 'n insluitende denkwyse en van 'n strategie van verenging na een van verbreding.

Wat dus nodig is, is nie die ontkenning of geringskatting van (self)identiteit nie, maar 'n radikaal *veranderde* identiteitsbegrip – radikaal in dié sin dat insluiting in plaas van uitsluiting as vertrekpunt geneem en ook as mikpunt nagestreef word.

Maar as identiteit in wese op onderskeid, afstand en andersheid berus, stel dit ons nie voor 'n onoplosbare teenstrydigheid nie?

Hoeseer identiteit ook al op onderskeid, selfbewussyn, en self-gerigtheid berus, kan sodanige selfvorming slegs binne 'n groter geheel en in wisselwerking met die ander verwesenlik word. Die self is *ontologies* van die ander afhanklik. Die afsonderlikheid van die self veronderstel per definisie die teenwoordigheid van ander. Die self kan haar of hom onderskei en 'n persoon uit eie reg wees alleen as daar 'n ander punt of 'n *Gegenüber* bestaan waarvan afstand geneem word.

Om 'n voorbeeld uit die semantiek te neem: Soos die keuse van *suster* in die sintagmatiese konstruksie van 'n spesifieke sin deur paradigmatiese alternatiewe soos *broer*, *moeder*, *vader*, *susterskind* ens. soos 'n "wolk van getuies" omring word, kry hierdie spesifieke persoon die kontoere van menswees en haar individuele profiel in kontras met die moontlikhede wat nié gekies is nie. Die mate waarin sy haarself is, hang af van die mate waarin sy van ander onderskei word. Met ander woorde, sy is van ander afhanklik om haarself te wees.

Die voorgaande is 'n poging om die basiese en konstituerende *onvolledigheid* van menswees en van elke vorm van identiteit – hetsy van 'n individu of van 'n groep – te probeer verduidelik. Ons het reeds by Weick (1995:21–2) gesien dat hoe ons oor onsself dink, tot 'n groot mate bepaal word deur wat ons dink *ander* van ons dink. Hy verwys na Cooley wat reeds in 1902 die beeld van 'n spieël gebruik het om aan te toon hoe sterk ons selfbeeld deur ander beïnvloed word. "The thing that moves us to pride or shame is not the mere mechanical reflection of ourselves, but an imputed sentiment, the imagined effect of this reflection upon another's mind", en: "We are ashamed to seem evasive in the presence of a straightforward man, cowardly in the presence of a brave one, gross in the eyes of a refined ones, and so on. *We always imagine, and in imagining shame, the judgements of the other mind*" (Cooley 1902:153 – my kursivering).

Francis Nyamnjoh maak onvolledigheid 'n sentrale tema in sy werk. In 'n reeks publikasies (Nyamnjoh 2015; 2016; 2017; 2018; 2021) ondersoek hy die reikwydte en belangrikheid van hierdie konsep in alle rigtings. In plaas van die strewe na volledigheid en volmaaktheid (wat onvermydelik trappe van vergelyking, hiërargieë, meerderwaardigheid, vernouing en uiteindelik die strewe na uitkomste van die "alles of niks"-soort veroorsaak), bepleit hy die aanvaarding van onvolledigheid as die *normale aard van menswees*:

> … not as a negative attribute of being, but as something to embrace and celebrate, as we, in all humility seek to act and interact with one another, with the things we create to extend ourselves, and with the natural and supernatural worlds relevant to our sense of being and becoming. To recognize and provide for incompleteness is not to plead guilty, inadequate and helplessness vis-à-vis the supposedly complete others. Instead, incompleteness is a disposition that enables us to act in particular ways to achieve our ends in a world or universe of myriad interconnections of sentient incomplete beings and actors, human and non-human, natural and supernatural, amenable and not amenable to perception through our senses. (Nyamnjoh 2021:1)

Menslike interafhanklikheid en verbondenheid is nie ’n nuwe tema nie en is al op verskillende maniere aan die orde gestel. In die (Suid-) Afrikaanse konteks is die bekende begrip *ubuntu* veral prominent (vgl. Forster 2006; Eze 2007). Die term o*nvolledigheid* het egter die voordeel dat dit ’n minder belaste en omstrede term is en dat dit die wedersydse-verskuldig-wees beter tot uitdrukking bring.

In plaas van woorde met negatiewe assosiasies, soos “gebrekkig”, “onvoltooid”, “minderwaardig” en “onvoldoende” (wat gevoed word deur die onbereikbare ideaal van volmaaktheid en die daarmee gepaardgaande strewe om ander te oortref en te oorheers) bied *onvolledigheid* ’n positiewe vertrekpunt vir die fundamentele ommeswaai van ’n na-binne-gerigtheid na ’n na-buite-gerigtheid, van uit- na insluiting, van enkel- na veelvoudige denke. Dit open die deur vir assosiasies van bevryding, uitreiking, samewerking, interafhanklikheid, beweeglikheid, verandering en vernuwing.

Die keersy van onvolledigheid is dus die *interafhanklike* aard van die menslike bestaan – die erkenning van hoeseer ons by ander in die skuld is of hoeveel ons aan ander verskuldig is, hoe ons deur ander gevorm word en op ander aangewese is ten spyte van die (relatiewe) onafhanklikheid van ons eie identiteit.

> Put differently, we are who we are through a process of interdependence and indebtedness. This recognition facilitates the cultivation of a disposition of humility that enables one to see and provide for interconnections. One is who one is because of others. Even if one does not always service one’s debts, let alone repay them, one is conscious that one is not self-made. At the same time, one is the product of various networks of interconnections, to the production and reproduction of which one actively contributes. (Nyamnjoh 2021:2)

Die onvolledigheid/interafhanklikheid wat identiteit kenmerk, impliseer terselfdertyd beweeglikheid en ruimte vir maneuvrering. Hierdie mobiliteit verwys nie alleen na die dinamiese aard van identiteit en die feit dat dit voortdurend in wording is nie, maar verskaf ook die stimulus vir verruiming en verandering. Die besef van die onvolledigheid en beperktheid van die self wakker die soeke aan na aanvulling en verbreding. Dit geld eerstens die *interne* verdieping en verbreding van die self in die gees van die spreuk wat aan Karel die Vyfde toegedig word: “Soveel tale wat ek ken, soveel male is ek mens” (vgl. Blatt 2019). Dit beteken ’n gerigtheid na buite, verwelkoming van die onbekende en vreemde, die soeke na alternatiewe moontlikhede, die oorweging van verskillende perspektiewe, en die erkenning van wat die self aan die bydrae van ander te danke het.

Daarnaas is *eksterne* verbreding nodig, dit wil sê die uitreik na ander, die sluit van alliansies (vgl. Osaghae 2021), die verwelkoming van die ander en die vreemde, die aktiewe en kreatiewe bou aan ’n vergrote menswees, deur interaktiewe dialoog en die medevorming van en deur die ander, in plaas van afsondering, dadeloosheid en verskraling. Dit geskied steeds op basis van ’n lewenskragtige eie identiteit wat die belangrikheid van “komvandaan” beklemtoon.

Identiteit is by uitstek geskik as vertrekpunt van waar verandering geïnisieer kan word vanweë die merkwaardige ewewig wat ons selfbewussyn handhaaf tussen die belewing van konstantheid en die werklikheid van voortdurende verandering. Die self leef in die konstante besef dat ek dieselfde ek bly ten spyte van alle veranderinge wat ek ondergaan. Al mag die selle in my liggaam voortdurend vervang word en ek elke dertig dae ’n “ander persoon” in terme van my fisieke samestelling geword het (Richards 2002:42–3; vgl. Forster 2006), is ek in my bewussyn steeds dieselfde ek. Die konstante en bestendige van self-identiteit bly gehandhaaf terwyl die self (biologies, fisiologies, fisies, psigies) voortdurend in wording is en in ’n voortdurende proses van verandering verkeer. Dit is dieselfde soort paradoks wat alle lewende organismes kenmerk. Hierdie organismes is vir hulle (voort)bestaan van grense afhanklik – maar slegs as hierdie grense relatief, poreus en verskuifbaar bly.

Identiteit bied dus die speelruimte waar alternatiewe vir die self en vir die wêreld bedink, ontwerp en uitgetoets kan word. Die dinamiese aard van identiteit is daarom ’n belangrike dryfveer vir verandering en vernuwing. Om dit ten volle in werking te stel is daar egter ’n derde vorm van verruiming nodig: Naas die interne en die eksterne verbreding van die self moet die rol van identiteit sélf verruim word. In plaas daarvan om ’n beperkende, passiewe, verdedigende en beskermende funksie te vervul, het identiteit ’n aktiewe, skeppende, konstruktiewe, vernuwende bydrae om te lewer. Soos McNay (2008:191) tereg daarop wys, moet identiteit meer as blote teenstand wees. Hierdie eng *anti* ingesteldheid moet verbreed word om die veranderende potensiaal van identiteit tot volle ontplooiing te bring (Lategan 2014). Identiteit is nie slegs vloeibaar en veranderlik nie, maar ook ’n eksperimentele ruimte waarin ander moontlikhede vir die self en vir die wêreld ondersoek en beproef kan word.

Om hierdie moontlikhede in werklikheid te omskep, is dit egter nodig om die impak van mag en magsverhoudinge volledig in berekening te bring. Ons het gesien hoe McNay (2008:114–7) dit as ’n groot leemte uitwys dat deurleefde werklikheid en die rol van mag dikwels nie deel is van die gesprek oor identiteit nie. Hierdie gesprek kan nie vassteek in ’n oefening op teoretiese, geabstraheerde vlak nie, maar moet die werklikheid aanspreek waar die deurvoering van mag ’n voorwaarde vir konkrete verandering is. Dit mag goed klink om die veranderingspotensiaal en skeppende krag van identiteit te besing, maar wat is die reële kanse om dit in die praktyk te verwesenlik, veral as dit om minderheidsidentiteite gaan?

Dit bring ons terug na een van ons oorspronklike vrae: Wat is die geheim van IP se sukses? Waarom is hierdie groepe so effektief – dikwels buite verhouding gegee hul getalle? Die feit van die saak is dat hulle van die mag van *ander* afhanklik is. Hoe goed georganiseerd ’n minderheid mag wees en hoe effektief hulle ook al mag funksioneer, is hulle vir die realisering van hul eise van ander afhanklik. Die aanspraak wat byvoorbeeld Solidariteit namens sy lede maak, is nie gebaseer op afsonderlike regte of behandeling vir hierdie lede nie, maar berus op die *algemene* reg wat vir *alle* burgers deur die Grondwet gewaarborg word. Die mag van hofbevele wat in hul guns uitgereik word, berus op die mag van die hof en die regstelsel, dit wil sê op die mag van ander. Voorstelle vir die verbetering van wetgewing hang af van die oortuiging van ander partye om die redelikheid en uitvoerbaarheid daarvan te erken. Die

verskaf van alternatiewe dienste het die uiteindelike die doel om ander te oortuig (in hierdie geval die munisipaliteite self) om hul normale verpligtinge na te kom. In die magspel geskied die uitoefening van die mag van die minderheid steeds in wisselwerking met die mag van die meerderheid. Met ander woorde, om effektief mag uit te oefen is die minderheid van die mag/toestemming/oorreding van die meerderheid afhanklik. Wanneer IP volhard in ’n verengde en uitsluitende strategie soos dié van byvoorbeeld Proud Boys, is geweld die enigste opsie wat oorbly – ’n strategie wat uiteindelik tot mislukking gedoem is. Vir sukses is ’n “slimmer” vorm van IP nodig.

’n Verruimde selfbewussyn en ’n begrip van die interafhanklikheid van die magspel beteken nie dat stryd en wedywering daardeur uitgeskakel word nie. Dit plaas hierdie kwessies egter in ’n wyer konteks wat die kanse op konstruktiewe resultate groter maak. Identiteit loop altyd die risiko om te vernou en om in weerstand en verset vas te steek. Die uitdaging is om die soepelheid en kreatiwiteit van identiteit te benut om ’n groter rol in ’n wyer konteks te speel tot voordeel van die samelewing in sy geheel.

Bibliografie

Afri-Forum and Another v Malema and Others (20968/2010) [2011] ZAEQC2; 2011(6) SA240 (EqC); [2011] 4 All SA 293(EqC); 2011 (12) BCLR 1289 (EqC) (12 September 2011).

Bhabha, H.K. 1990. Interrogating identity: the postcolonial prerogative. In Goldberg (red.) 1990.

Blatt, F. 2019. Men is zoveel keren man als men talen spreken kan. https://www.mensenzijnmedia.be/men-is-zoveel-keren-man (21 Mei 2021 geraadpleeg).

Bottequin, J.-M. 2021. Die wichtigste Lektion fängt bei einem selbst an. *Süddeutsche Zeitung,* 5 Mei 2021. https://www.sueddeutsche.de/muenchen/muenchen-jean-marie-bottequin-koerpersprache-fotograf-pantomime-1.5283195?reduced=true (21 Mei 2021 geraadpleeg).

Bronstein, R. 2019. The limits of Trump’s white identity politics. *The Atlantic*, 15 Augustus 2019.

Brubaker, R. en F. Cooper. 2000. Beyond “identity”. *Theory and Society*, 29(1):1–47.

Buber, M. 1997 [1923]. *Ich und Du*. Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus.

Butler, J. 1990. *Gender trouble. Feminism and the subversion of identity.* New York: Routledge.

—. 2004. *Undoing gender.* New York: Routledge.

Castells, M. 1997. *The power of identity. The information age: Economy, society and culture*. Volume 2. Oxford: Blackwell Publishers.

Castells, M. en B. Lategan. 2021. Introduction: Identity, networks and state formation in Africa. In Castells en Lategan (reds.) 2021.

Castells, M. en B. Lategan (reds.). 2021. *National identity and state formation in Africa.* Cambridge: Polity Press.

Connolly, W. 1991. *Identity|Difference: Democratic negotiations of political paradox.* Minneapolis: University of Minneapolis Press.

Cooley, C.H. 1902. *Human nature and the social order.* New York: Scribner.

Cornell, D. 2000. *Just cause: Freedom, identity, rights.* Lanham: Rowman en Littlefield.

Derrida, J. 1981. *Positions.* Chicago: Chicago University Press.

Du Toit, C.W. (red.). 2007. *The impact of knowledge systems on human development in Africa.* Pretoria: Unisa.

Easthope, A. 1998. Bhabha, hybridity, and identity. *Textual Practice*, 12(2):341–8.

EFF Constitution. 2014. http://www.myvotecounts.org.za/wp-content/uploads/2019/04/EFF-Constitution-x-Code-of-Conduct-Secretary-General-2017.pdf (23 Junie 2021 geraadpleeg).

Eze, M.O. 2017. I am because you are: Cosmopolitanism in the age of xenophobia. *Philosophical Papers*, 46(1):85–109.

Forster, D. 2007. Identity in relationship: The ethics of *ubuntu* as an answer to the impasse of individual consciousness. In Du Toit (red.) 2007.

Fukuyama, F. 2018. *Identity. Contemporary identity politics and the struggle for recognition.* Londen: Profile Books.

Geschiere, P. 2009. *The perils of belonging. Autochthony, citizenship, and exclusion in Africa and Europe.* Chicago: University of Chicago Press.

Goldberg, D.T. (red.). 1990. *Anatomy of racism.* Minneapolis: University of Minnesota Press.

Grootes, S. 2020. VBS Bank heist arrests: Who's next? *Daily Maverick*, 18 Junie 2021.

Hatewatch. 2017. Hard times comin' through: Gavin McInnes and the Charlottesville "racism war". Southern Poverty Law Center. https://www.splcenter.org/hatewatch/2017/08/22/hard-times-comin-through-gavin-mcinnes-and-charlottesville-racism-war (24 April 2021 geraadpleeg).

Heyes, C.J. 2002. Identity politics. Stanford Encyclopedia of Philosophy. https://plato.stanford.edu./entries/identity-politics (19 Mei 2021 geraadpleeg).

Julius Malema – South Africa's radical agenda setter. *BBC News*, 20 April 2019. https://www.bbc.com/news/world-asia-pacific-14718226 (7 Junie 2021 geraadpleeg).

Kahla, C. 2018. Scorpio: EFF ties to VBS Bank heist exposed. *The South African*, 21 November 2018.

Kruks, S. 2001. *Retrieving experience: Subjectivity and recognition in feminist politics.* Ithaca: Cornell University Press.

Lategan, B.C. 2014. "Ek is …". Oor die problematiek van enkelvoudige en meervoudige identiteit. *LitNet Akademies*, 11(2):262–82.

Makhafola, G. 2019. Julius Malema condemns attacks on foreigners as "acts of crime". *Independent Online*, 5 September 2019.

Mandle, J.D. 2021. How political is the personal? Identity politics, feminism and social change. *Women's Studies Online Resources.* https://userpages.umbc.edu/~korenman/wmst/identity_pol.html (26 April 2021 geraadpleeg).

McInnes, G. 2021. Gavin McInnes quotes. BrainyQuote.com, BrainyMedia Inc. https://www.brainyquote.com/authors/gavin-mcinnes-quotes (24 Maart 2021 geraadpleeg).

McLean, I. A. 1998. *White aborigines: Identity politics in Australian art*. Cambridge: Cambridge University Press.

McNay, L. 2008. *Against recognition*. Cambridge: Polity Press.

Neofotistos, V. 2013. Identity politics. *Oxford Bibliographies.* https://www.oxfordbibliographies.com/view/document/obo-9780199766567/obo-9780199766567-0106.xml (10 Mei 2021 geraadpleeg).

Njilo, N. 2020. Yet another court loss for EFF in defamation case against Trevor Manuel. https://www.timeslive.co.za/politics/2020-12-17-yet-another-court-loss-for-eff-in-defamation-case-against-trevor-manuel (23 Junie 2021 geraadpleeg).

Nussbaum, M.C. 1996. Patriotism and cosmopolitanism. In Nussbaum en Cohen (reds.) 1996.

—. 2019. *The cosmopolitan tradition. A noble but flawed ideal.* Boston: Harvard University Press.

Nussbaum, M.C. en J. Cohen (reds.). 1966. *For love of country. Debating the limits of patriotism.* Boston: Beacon Press.

Nyamnjoh, F.B. 2015. Incompleteness: Frontier Africans and the currency of conviviality. *Journal of African and Asian Studies*, 50:1–15.

—. 2016. #RhodesMustFall. Nibbling at resilient colonialism in South Africa. Bamenda: Langaa Research and Publishing.

—. 2017. Drinking from the cosmic gourd. How Amos Tutuola can change our minds. Bamenda (Kameroen): Langaa Research and Publishing.

—. 2018. Mobility, globalisation and the policing of citizenship and belonging in the 21st century. Ongepubliseerde voordrag gelewer by die konferensie National Identity and State Formation in Africa, Oktober 2018 by Stias.

—. 2021. Cecil John Rhodes: "The complete gentleman" of imperial dominance. *The Jugaad Project*, 23 Februarie 2021. https://www.thejugaadproject.pub/home/rhodes-the-complete-gentleman (1 Mei 2021 geraadpleeg).

Osaghae, E.E. 2021. Federalism in Africa. In Castells en Lategan (reds.) 2021.

Rabkin, F. 2019. Equality court dismisses Gordhan's hate speech case against Malema. *Mail & Guardian*, 31 Oktober 2019.

Richards, J.W. (red.). 2002. *Are we spiritual machines: Ray Kurzweil vs the critics of strong A.I.* Washington: Discovery Institute Press.

Ricoeur, P. 1995. *Oneself as another* (*Soi-méme comme un autre*). Vertaal deur Kathleen Blamey. Chicago: Chicago University Press.

Shannon, J. 2020. Who are the Proud Boys? Far-right group has concerned experts for years. *USA Today*, 30 September 2020. https://www.usatoday.com/story/news/nation/2020/09/30/who-proud-boys-group-mentioned-debate-has-violent-history/5868406002 (24 Maart 2021 geraadpleeg).

Slabbert, M. en D. de Villiers 2011. *David Kramer. 'n Biografie.* Kaapstad: Tafelberg.

Smith, D. 2019. "It's a political civil war": Trump's racist tirades set tone for 2020. *The Guardian*, 8 Desember 2019.

Stetson, J.E. en P.J. Burke. 2000. Identity theory and social identity theory. *Social Psychology Quarterly* 63:224–37.

Strydom, N. 2016. DKD-werknemers moet bevorder word, terugwerkend vergoed word. *Maroela Media*, 15 Julie 2016. https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/dkd-werknemers-moet-bevorder-word-terugwerkend-vergoed-word (28 April 2021 geraadpleeg).

Van Zyl-Hermann, D. 2021. A new kind of state for the nation? Civil society mobilization and white minority identity politics in post-apartheid South Africa. In Castells en Lategan (reds.) 2021.

Weick, K.E. 1995. *Sensemaking in organizations. Foundations for organizational science*. Londen: Sage Publications.

Wendt, A. 1994. Collective identity formation and the international state. *The American Political Science Review*, 88:384–96.

Zerilli, L. 2005. *Feminism and the abyss of freedom*. Chicago: Chicago University Press.

Eindnotas

[1] Slabbert en De Villiers (2018:327) oor Kramer se liedjie “Hy kô huis toe”.